

BORAN SPOG MET taai basterkrag

Oos-Afrika se plaë en 'n ongenaakbare ewenaarson het die Boran oor meer as 1 300 jaar gelouter tot 'n geharde bees met goeie basterkrag.

Die tipiese manlike voorkoms van 'n jong Boranbul. Die diere het goeie, donker pigmentasie en sterk oogbanke.

Wanneer 'n beesboer ná meer as 40 jaar – eers saam met sy pa en daarna op sy eie – besluit om van al sy beeste en skape ontslae te raak om na 'n heeltemal nuwe beesras oor te skakel, moet hy beslis hoogs beïndruk wees met dié nuwe ras.

Beslis, sê mnr. Eloff Muller van Athlone, by Mosselbaai. Die Boran kan nie anders as om 'n mens te beïndruk nie. Soveel natuurlike gehardheid tesame met ander indrukwekkende, ekonomiese eienskappe in 'n ras is amper te goed om te glo.

“Die ras word nie verniet dikwels ‘God’s gift to cattleman’ genoem nie,” meen hy.

Vandag bestaan sy stoetery, Tambaraine Borans, uit meer as 150 diere, waarvan meer as 100 teelkoeie is. En hier gaan dit nie eindig nie: Hy beoog om mettertyd al sy ander beeste – hoofsaaklik Nguni’s en


Nguni-kruisdiere – asook sy Merinokudde, uit te faseer en net met Boran-stoetdiere te boer.

Sowat 90% van sy veld bestaan uit bergveld met suurgras en fynbos, met enkele dele soetveld nader aan

HOE LYK DIE BORAN?

Die eerste Borans het in 1995 in Suid-Afrika hul verskyning begin maak, sê mnr. Adriaan Rall, rasdirekteur van die SA Boran-telersgenootskap. Die ras maak nou vinnig opgang. In 2003 het 23 telers 1 030 diere gehad. Vandag is sowat 5 636 Borans van 145 telers aangeteken en die belangstelling groei weekliks.

Borans in Oos-Afrika is meestal rooi, wit en bont-gespikkeld. Dié beesras se grootste voordeel is sy gehardheid en basterkrag. Die ras is deur die eeue heen deur plaë en 'n ongenaakbare ewenaarson gelouter. Hulle kan baie goed met enige beesras gekruis word en so hul gehardheid oordra om 'n geharde, vroegryp, mediumraam-moederlyn te vestig, sê Rall.

Dié beesras produseer organiese vleis van die veld af. Dieselfde geld vir kruiskalwers. Hulle word op die natuurlike veld vet en kan daarvan bemark word. Die ras gedy natuurlik ook in voertoestande. 



TLM02-12, die Boranbul wat mnr. Eloff Muller van Mosselbaai in 2006 teen R370 000 – toe 'n rekordprys vir 'n Boranbul – gekoop het. Dié bul is tans die hoofstoetbul in die stoetery. (Foto: Wayne Southwood)



Twee dogters van TLM02-12, die hoofstoetbul in die stoetery. Hulle is Tambaraine 06-14 en T06-15 (Foto: Wayne Southwood).



Mnr. Eloff Muller van Mosselbaai hier by een van sy jong Boranbulle, Tambaraine E06-21. Hy is een van 'n groep bulle wat op die ouderdom van twee jaar markgereed is. Borans het 'n mediumraam en goeie vleiseienskappe.

die kus. Hy beskryf sy weiveld as grootliks marginaal. Daarom het hy sowat tien jaar gelede begin om na 'n meer geharde, inheemse beesras te soek wat 'n kleiner raam het en dalk beter sal vaar op sy veld.

Beesvleisproduksie gaan vir Muller hoofsaaklik oor kilogram vleiswins per hektaar. Die inheemse Nguni's met 'n kleiner raam wat hy in sy boerdery ingebring het, het goed gevaar.

Tog het iets ontbreek, vertel hy. Die Nguni's se resultate was goed, maar hy het 'n swaarder speenkalf gesoek, asook 'n beter koeidoeltreffendheidsverhouding. Met ander woorde 'n beter persentasie speengewig op die ouderdom van 205 dae in verhouding tot die koei se gewig. Verder het hy diere gesoek wat regstreeks van die veld afgerond kan word, maar ook, wanneer nodig, in die voerkraal kan presteer.

Dit het hom verder laat soek. Êrens moes 'n beesras wees wat hom nader aan sy doelwitte sal bring. Hy is die eerste keer deur mnr. Johan van der Nest, 'n stoetvee-afslaer, aan Borans bekend gestel. Hy het ook op 'n artikel afgekom oor die Boran-beesras van Oos-Afrika met 'n besondere genetiese samestelling, naamlik 64 % Bos Indicus, 24 % Europese Bos Taurus en 12 % Afrika Bos Taurus. Dit het dadelik sy belangstelling geprikkel – hier kon die antwoord wees.

In 2004 het hy sy eerste Boranbul van mnr. Tim Ralfe van KwaZulu-Natal, een van die pioniers van dié beesras in Suid-Afrika, gekoop en die bul in 'n kruistelingsprogram by sy Ngunikoeie gebruik.

Muller was uit die staanspoor hoogs beïndruk met die F₁-kalwers wat uit dié kruisings gekom het. Hul speengewig was reeds heelwat beter as dié van die rasegte Nguni's.

Hulle was duidelik meer bosluisbestand as die rasegte Nguni's. Eie Nguni's moes elke sesde week teen bosluis behandel word, maar dit was onnodig om die kruiskalwers te dip, want daar was bykans geen bosluis aan enige van hulle nie. Hy het ook besluit om met 'n opteelprogram te begin met Nguni's as grondslag. Heelwat F₁-kalwers het daaruit gekom.

Kort daarna het Muller nóg 'n Boranbul by wyle mnr. David Green van Estcourt gekoop, wat hy ook by die Ngunikoeie van 'n kleiner raam gebruik het. Die vertoning van die kruiskalwers het hom laat besluit hy wil met 'n rasegte Boran-stoetery begin. "Ná 40 jaar in die stoetveebedryf het ek geweet ek sou net daarmee slaag mits my stoetery onder die boonste 3 % van alle stoeterye in die land sou tel," vertel hy. Daarom moes hy die allerbeste teelmateriaal moontlik in die hande kry.

Eers toe hy in 2006 'n sestigtal Borans van mnr. Terry McLintock van die Keta-stoetery, Vryburg, op die algehele uitverkoop van sy stoetery gekoop het, het hy finaal geweet: Hier is die ras met al die eienskappe waarna hy nog altyd gesoek het en hy het die beste teelmateriaal tot sy beskikking.

McLintock het van die beste Borans in Ke-

nia geselekteer, hul embrio's gespoel en na Suid-Afrika gebring. Hy het veral gekyk na kleur (rooi) en eienskappe, soos vroegrypheid en 'n mediumraam. Hierdie beeste vorm vandag die kern van Muller se stoetery en bestaan uit die beste Boran-teelmateriaal van Kenia (65 %), Zambië (22 %) en Zimbabwe (3 %). Die res (10 %) bestaan uit eie teling op die plaas.

Só ernstig was hy oor gehalte dat hy in 2006 al R370 000 (toe 'n rekordprys vir 'n Boranbul) betaal het vir die bul TLM02-12. Dié bul is tans die hoofstoetbul in die stoetery en is 'n embriokalf uit die bekende Mogwooni- en Segerabloedlyn van Kenia – waarskynlik van die bekendste en beste bloedlyne in die Boranras. Die eerste nageslag van TLM02-12 sal volgende jaar bemark word.

Muller en 'n groep boere het verlede jaar Kenia besoek om "Borans in hul land van oorsprong te gaan bekijk", asook om diere vir embriospoeling te selekteer.

Muller het sekere gevolgtrekkings uit sy Tamaraine-stoetdiere gemaak:

- Die koeie het die vermoë om kalwers te speen waarvan die gewig op die ouderdom van 205 dae gemiddeld 50 % tot 70 % van die moeder se gewig is. Dit beteken meer kilogram vleis per hektaar.
- Borans is vroeg geslagsryp. Verse is van die ouderdom van 12 maande tot 15 maande gereed vir paring en op 24 maande tot 27 maande kalf hulle.
- Die ras het 'n goeie temperament en kudde-instink. Dit maak van hom 'n maklike ras om mee te boer. Tog is koeie baie beskermend teenoor hul kalwers en het goeie melkeienskappe.
- Die ras is gehard en bied uiters goeie weerstand teen bosluisoordraagbare siektes. Geen rasegte Boran is nog in die stoetery gedip nie, en geen dier het nog weens enige bosluissiekte siek geword nie. Die beeste het 'n dik, los, beweeglike vel, wat dit vir bosluise omtrent onmoontlik maak

R900 000 VIR KONING

Koning (TLM05-26), op die foto, die Boranbul van mnr. Eloff Muller, het in Junie vanjaar rekordboeke as 't ware oorgeskryf toe hy op 'n veiling op Excelsior vir R900 000 aan 'n konsortium van Borantelers verkoop is. Dit is tot op hede 'n rekordprys wat vir 'n bul van enige ras in die land betaal is.

Die bul is nou weer in die Mosselbaai-omgewing waar sy saad getap en hy in 'n embriospoelingsprogram gebruik word. Hy is geteel uit twee van die bekendste Keniaanse bloedlyne, Mogwooni 2459 en Ol Petjeta 791 (aan moederskant). Hy het 'n skrotum-omtrek van 42 cm.



Muller het hom as 'n maand oue kalf by mnr. Terry McLintock se Keta-stoetery by Vryburg gekoop.

Koning se ma, TLM02-17, was in 2006 die Borankoel wat tot in daardie stadium die hoogste prys nóg in Suid-Afrika behaal het, naamlik R160 000 deur Muller.

(Foto: Johan Norval)

om vatplek te kry. Dié eienskap bespaar 'n boer baie aan dip- en medisynekoste. Dit is belangrik in die lig van aardverwarming wat vandag 'n werklikheid is, want siektes wat nog nooit voorheen in 'n omgewing voorgekom het nie, begin hul verskyning maak, byvoorbeeld hartwater in dele van die Suid-Kaap. Die ras se haargehalte is ook goed – die kort, gladde hare maak dit ook moeilik vir bosluise om klouplek te kry.

• Hulle het 'n goeie, donker pigmentasie en sterk oogbanke. Soos alle Seboe-tipes kan die Boran hitte goed verdra. Hulle het meer sweetgaatjies en die voue in die vel vergroot die veloppervlakte en help om hoër temperature te verdra. Tog gedy hulle ook in uiters koue toestande, is gevind.

• Die koeie vereis min sorg en produksiekoste is die minimum. Die diere kan van die

veld vir bemerking afgerond word. Geen byvoeding is nodig nie en die produsering van natuurlike organiese vleis is 'n groot voordeel. Hulle wei gemaklik op suurveld asook fynbosveld, wat vir die meeste ander rasse onaanvaarbaar is. Die diere is glad nie uitsoekerige vreters nie.

• Omdat die ras vir die laaste 1 300 jaar suiwer geteel is, het hy groot basterkrag – veel meer as die moderne "sintetiese" beersasse.

Muller selekteer veral vir vroeë geslagsrypheid. Elke koei moet minstens een kalf per jaar gee. Die tussenkalfperiode in die stoetery is al met 20 dae tot 25 dae verminder.

Mnr. Eloff Muller is die voorsitter van die SA Borantelersgenootskap, met sy hoofkantoor in Bloemfontein.